# Braunvieh-boerdery in Switserland

*Deur Donsie Wessels*

Die Switserse bevolking het jare gelede uit 10% boere bestaan. Dié syfer het aansienlik verminder en tans bestaan slegs 4% van die bevolking uit landbouprodusente. Van dié 4% is sowat 20% deeltydse boere met 'n plaasgrootte van 10ha, terwyl 80% voltyds boer op plase van 40 tot 45ha.

Hierdie statistiek sluit plase in wat in die berge geleë is en weens sneeu in die winter slegs in die somermaande gebruik kan word. Daglig in die somermaande (Mei, Junie en Julie) is van 05:00 soggens tot 21:30 saans. Reënval is dwarsdeur die jaar, met uiterste somer- en wintertemperature.

Terwyl ek op 'n werkende vakansie in Switserland was, het ek vyf plase besoek waar slegs met die oorspronklike Braunvieh-beeste (in die Suid-Afrikaanse volksmond beter bekend as die Bruin Switser of Suiwel-Switser) geboer word. Dié dubbeldoel, bruinkleurige dier met haar wit bek is 'n medium- tot grootraamvleisbees wat groot hoeveelhede melk lewer. In Suid-Afrika word hierdie bees hoofsaaklik vir sy vleis gebruik, terwyl die Suiwel-Switser gemelk word. VP



Roland Scheuber se huis is 'n tipiese Switserse plaashuis waar twee tot drie geslagte woon. Die boer se ouers, sy vrou en kinders is self verantwoordelik vir al die werk op die plaas. Die amptelike skoolopleiding duur nege jaar (7 tot 16 jaar), gevolg deur drie jaar beroepsopleiding by gespesialiseerde kolleges. Die jong boer volg 'n boerderypraktykkursus en die vrou 'n "farmer's wife"-kursus. Die vroue leer onder andere meer oor plante en bome, tuinontwerp, kooktegnieke, boekhouding, die maak van kaas en jogurt, asook ander tegnieke wat op plase belangrik is.



Die drakrag van die Switserse plase word deur wetgewing beheer en slegs 2,5 beeste per hektaar word toegelaat. In die geval van hoenders is 100 hoenders gelykstaande aan een bees. Indien 'n boer die kwota wil oorskry, moet skriftelike toestemming van die bure verkry word, waarna 'n aansoek by die staat ingedien moet word, omrede die diere se mis verwyder of herwin moet word. Die plasies is geleë tussen klein dorpies en woonbuurte en die openbare vervoerstelsel en posstelsel bedien die plase net soos die dorpies. Op die paaie kry voetgangers en fietsryers voorkeur.



Dis geen ongewone gesig om beeste in die strate te sien rondloop nie. In die somermaande wei die beeste bedags buite en snags is hulle op stal. Sommige boere verkies dat die beeste bedags vroeër terugkeer na die stalle as gevolg van die vlieë wat hulle pla. Sommige boere laat hulle selfs snags wei en hou hulle bedags op stal.



Die organiese bees- en eierboer, Roland Scheuber, het 2 000 hoenders in 'n skuur. Dit is volgens die drakrag-regulering gelykstaande aan 20 koeie. Die hoenders wei bedags buite op die gras. Die boer kry SF 40c (R6) per eier.

Hierdie bergboer het drie plase en is die sesde geslag wat op die plase boer. Hy boer al 28 jaar en sy oorspronklike Braunvieh-beeste loop in die somermaande in die berge. Sy twee bergplase is onderskeidelik 1 500m en 2 300m bo seevlak. Die beeste word met 'n trekker en wa aangery, waarna mens en dier nog 4,5km (sowat 2,5 ure se stap na die eerste plaas en nog twee ure na die tweede plaas) aflê. In die berge word die beeste daagliks om 05:00 en 18:00 gemelk. Hulle bestee dus die hele dag (twaalf ure) in die veld, waar hulle genoeg moet vreet aangesien hulle geen kos op stal kry nie. Die stalgemiddeld is 6 000kg melk per jaar. Wetgewing bepaal dat melk binne 48 ure verwerk moet word. Die melk word elke tweede dag op 'n tenkwaentjie met 'n trekker uit die berge vervoer. Die melk word deur sy vrou en kinders tot kaas verwerk. Hulle woon en werk dwarsdeur die jaar op die laagliggende plaas. Die kalfseisoen wissel ook van plaas tot plaas. Die boere wie se beeste in die somermaande in die berge wei, laat hul diere in die winter kalf, wanneer al die diere op stal is. Die diere kry dan goeie kos en die kalwing kan dopgehou word. Boere wat op laagliggende plase boer, se kalfseisoen is in die lente- en somermaande. Sommige boere onthoring die kalfies wanneer hulle twee weke oud is. Die boer moet gekwalifiseerd wees om dit self te mag doen. Die kalfies word met 'n slaapmiddel ingespuit en daarna word plaaslike verdowing om die area toegedien alvorens die horings gebrand word.



Koeie wei dikwels in die berge. Organiese beesboerderye word gereeld deur die Switserse regering geoudit. Slegs 150kg kragvoer per dier per jaar, wat bestaan uit 2kg kragvoer per dag, is toelaatbaar vir twee maande ná kalwing om 'n opwaartse kurwe ter bespoediging van dragtigheid aan te moedig. Die organiese boer kry 75c (R11,25) vir sy melk teenoor die 60c (R9) van ander boere. Oorspronklike dubbeldoel Braunvieh-beeste sonder kragvoer gee 6 000kg melk per jaar.





Wanneer die boer in die somer met sy beeste in die berge is, loop en wei versies soos hierdie dag en nag buite, terwyl die melkkoeie snags in die stal slaap. Watervoorsiening in die berge is 'n uitdaging vir boere omdat daar nie infrastruktuur is nie.

Twee kalwers in 'n Switserse vleisbeesprodusent se kudde. Hy koop kalwers by ander boere sodat sy oorspronklike Braunvieh-beeste twee kalwers elk grootmaak. Sy plaasgrootte is 45ha en die plaas is 950m bo seevlak geleë. Sy boerdery bestaan uit 30 koeie en 20 kalfies. Sy osse word op tien maande geslag en verwerk as Natura Beef. Die osse slag 259kg uit en hy kry SF 3 000 (R45 000) per os. Dus kry die boer SF 11,58 (R173,74 per kilogram). Natura Beef is die duurste en gewildste vleis in Switserland. Die verbruiker betaal tot SF 30 (R450) per kilogram in die winkels.





Beeste vreet groen gras in die stal en kry kragvoer. Hierdie melkboer verwag die maksimum melk van sy oorspronklike Braunvieh-beeste. Sy stalgemiddeld is 9 000kg, hoewel sy grootuier-koeie tot 12 000kg melk per jaar gee. Hy lewer dus nie-organiese melk en kry SF 62c (R9,30) per liter. Hy voer 4kg kragvoer per dag saam met gesnyde gras in die stal in die somer en in die herfs word die hele mielieplant opgekap en verwerk as voer vir die wintermaande. Sy dragtige koeie gaan op 7,5 maande na 'n ander plaas om minder goeie kos te kry wanneer hulle kalf. Dit keer dat die ongebore kalf te groot word. Hy stuur sy bulkalfies na die voerkrale as hulle 75kg weeg. Die verskalfies kry melk tot op vyf maande, waarna hy hulle aan ander telers verkoop. Sy ou koeie word geslag en hy kry tot 820kg lewende gewig, wat vir hom SF 4 000 (R60 000) gee.



'n Kalf met 'n horingvormer. 'n Klamp word gebruik om die horings te span sodat al die beeste se horings dieselfde lyk. Dit is baie tradisioneel en die meeste oorspronklike Braunvieh-beeste word aan hul horings uitgeken.